**9 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 47**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 47:2-3**

## Loof God as Koning van die ganse aarde!

Die Koragiete het die volk voorgegaan om die Here met sang te loof en te prys. Hulle was deel van die nageslag van Korag wat nie saam met hom (Num. 16) teen God en Moses in opstand gekom het nie. Die Here het die getroue deel van hierdie nageslag geseën en aan hulle ‘n ereplek onder die Leviete gegee. Hier roep die Koragiete die volk Israel en alle mense op tot lof aan God. Alle volke en nasies moet besef dat daar maar een Koning is. Aan Hom kom al die eer toe. Hy regeer oor alle dinge en is ver verhewe bo alle heersers. Destyds het God opgetrek na sy tempel in Jerusalem. Só sou Jesus Christus ook later met sy hemelvaart optrek na sy hemeltroon. Verder is God ook op ‘n besondere manier teenwoordig in sy kinders se lewens. Soos wat Hy destyds in die volk se midde ingetrek het, is Hy ook in ons midde en regeer Hy oor ons lewens. Staan ek ook onder die indruk van God se grootsheid en almag? Dan kan ek nie oor Hom stilbly nie! Ek moet Hom loof! My lewe wys dat ek Hom as Koning dien. Só roep ek ander op om voor Hom te buig. Al lyk dit nie altyd of Hy in beheer van my lewe is nie, weet en bely ek in die geloof: God regeer! Hy is in beheer! Daarom sal alle dinge altyd ten goede in my lewe meewerk (Rom. 8:28).

*Sing: Psalm 47:1, 4* *Dr Jac Howell (Heidelberg)*